VAN DIE SUSTERS

SOMERFEES

Die Susters se verkoping vind Saterdag 2 NOVEMBER 2024 plaas. Ons begin om 08:30 tot 12:00.

Die wyksusters word vriendelik versoek om die ingevulde lyste so spoedig moontlik by 'n bestuurslid in te gee.



WIT OLIFANTTAFEL

Liewe Broers en Susters

Soos alom bekend vind ons gemeente se jaarlikse SOMERFEES weer plaas op **Saterdag 2 November**.

So, dis nou weer tyd om al die wit olifante in u huis aan te keer. Items kan by die kerksaal afgelewer word by Pieter Bouwsema of op die Vrydag of Saterdag voor die Oktoberfees. Vir Navrae: Flip Mostert

PANNEKOEK!

Saterdagoggend 2 November 2024 met ons SOMERFEES, gaan ons weer heerlike pannekoeke verkoop. Almal wat die oggend kan kom help bak of oprol kan my gerus kontak vóór 22 Oktober 2024.

(Gee gerus die tye deur wat jou pas, ek trek 'n rooster op.)

Marlise Stoop (Sameroeper)



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 32 Sondag 13 Oktober 2024

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste, kategese en Huis Eikelaan om 15:30:
Ouderlinge: Wyk 1 **Chris van Ryssen** en Wyk 2 **Klaas Wyma.**
Diakens: Wyk 1 **Gernot Schaaf** en Wyk 2 **Frans Drijfhout.**
Skinkbeurt: Wyke 1 & 2. Wyksusters Ina Roos en Malie Wyma
Erediens Huis Eikelaan om 15:30: Prof Sarel van der Walt

EREDIENSTE Al twee dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Woordbediening: 1 Samuel 17.
Fokusverse: 1 Samuel 17:45.
TEMA: *Lewe in die oorwinning van die Seun van Dawid.*
Sing: Psalm 124:1, 4; Psalm 118:2, 13, 14; Skrifberyming 9-1:11(26); Psalm 76:1, 3 (melodie Psalm 139); Psalm 20:1, 2, 5; Psalm 21:1, 5, 9.
Sing met meelewing: Psalm 30:2, 7.

AAND: Woordbediening: Efesiërs 1.
Fokusverse: Efesiërs 1:4-6.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, paragraaf 7.
TEMA: *Die troos van God se onveranderlike voorneme iIn Christus.*
Sing: Psalm 65:2, 3; Skrifberyming 2-5:1, 2, 3([35) (melodie Psalm 18); Psalm 105:4; Skrifberyming 1-1: 1, 3, 7(24).

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in ROOI sakkies vir die ***Bystandsfonds vir Diakonie***
VANAAND: ***Diens van Barmhartigheid*** ***(BLOU)*** en ***Kerkkas*** ***(ROOI)***
(Spesiale kollekte volgende week: ***Bybelverspreiding*****)**

EREDIENS: HUIS EIKELAAN

Prof. Sarel van der Walt sal DV volgende Sondag **(13 Oktober)** om 15:30 voorgaan in die erediens in die Kapel by Huis Eikelaan. Die toesigbeurt sal waargeneem word deur wyke 1 & 2 (Ouderling Chris J van Ryssen en ouderling Klaas Wyma).

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Lalie Venter het die afgelope week 'n prosedure in Mediclinic ondergaan. Sy kon gelukkig weer ontslaan word en ons bede is dat alles voorspoedig verloop het.

Jeanette Fourie is steeds in Mooimed en verduur nog baie pyn, ook na die tweede operasie. Ons verseker haar en Corrie en hulle dierbares van ons voorbidding.

Magda Opperman het geval en beserings aan haar gesig en hande opgedoen. Ons bede is dat sy spoedig en volkome sal herstel.

Ons is saam met **Magda Pelser-van der Merwe** dank-baar vir die mooi herstel wat sy toon ná die lensvervangings-operasie wat sy ondergaan het. Ons deel verder in haar en Theo en Ina se dankbaarheid dat haar algehele gesondheidstoestand ook verbeter het nadat sy sekere voorskrifmedikasie uitgeskakel het. Magda het Vrydag 'n opvolgbesoek by die oftalmoloog gebring. Volkome herstel toegebid!

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

Op Woensdag 2 Oktober het **Danie en Ronel Erasmus** hulle 53ste huwelikserdenking gevier. Ons bied graag verskoning aan dat u oor die hoof gesien is. Mag u nog baie gelukkige jare saam met mekaar geniet!

Maandag 14 Oktober is **Chris en Jana van Ryssen** 57 jaar getroud. Ons wens hulle nog geseënde jare toe.

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. Ons betuig ons innige meegevoel met **Annatjie Coetzee** wie se skoonsuster die afgelope week oorlede is. Mag ons hemelse Vader die familie ryklik vertroos.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en deel in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van **Andries de Klerk** wat die afgelope week verneem het dat hy die raadseksamen van die Instituut vir Bestuursrekenmeesters geslaag het (CIMA). Ons bid u ryke seën toe op die nuwe fase in u loopbaan.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes op reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terugbring.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
So	13/10	**Rita Cilliers,** Wyk 6
		Carina Viljoen, Wyk 5
Ma	14/10	**Chris van Ryssen,** Wyk 11
Vr	18/10	**DJ Stoop,** Wyk 7
		Denise van der Berg, Wyk 10
Sa	19/10	**Hendrik du Plessis.** Wyk 2
		Marietjie Havenga, Wyk 5

Bede met meelewing: Psalm 30:2, 7.

ALMANAKKE VIR 2025 kan bestel word by Pieter of Malie. Koste is R130 elk.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
Di	15/10	15:00	Bybelstudie- Huis Eikelaan	**Rooi sitkamer**
So	13/10	15:30	Erediens Huis Eikelaan prof SP van der Walt	**Kapel**
Vr	**25/10**	**17:30**	**GEMEENTE-AAND EN HAMBURGERBRAAI**	**KERKTERREIN**
So	27/10	18:00	Gesamentlike Hervormingsdiens	Kerkgebou GK Bult
Sa	**02/11**	**08:30**	**SOMERFEES**	**KERKTERREIN**

KATKISASIE	Sondag 13 Oktober	Sondag 20 Oktober
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 24 Skrifberym.1 - 3: 1 Sondag 50 Eksodus 20: 13	Les 25 Skrifberym. 1 - 4: 3 Sondag 51 Eksodus 20: 14
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 5 & 6: Wyk 1 Graad 7: Wyk 2	Graad 1 & 2: Wyk 3 Graad 3 & 4: Wyk 4
Hoërskoolkatkisasie	Les 18	Les 19

• Skrifberyming 1-3 word op die melodie van Lied 353 (“Die Heiland is gebore”) gesing.

BYBELSTUDIES

– HUIS EIKELAAN DINSDAG 8 Oktobert om 15:00

Bybelstudie by Huis Eikelaan hervat in die rooi sitkamer. Almal is welkom. TEMA: *Die leer oor die Heilige Gees.*

– WOENSDAE OM 18:00 IN DIE KONSISTORIE

Daar sal nie Woensdagaand 16/10 Bybelstudie wees nie, maar u word hartlik uitgenooi na die Bybelstudiegeleentheid Woensdag-aande om 18:00 in die konsistorie. Die boekie van prof. Jorrie Jordaan, “Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament”, word behandel. Op 23 Oktober sal Studie 2 van die Markusevangelie behandel word.

Susters se verkoping is nou die SOMERFEES en sal plaasvind op 2 November.

BEVESTIGING VAN BR. DANIE ERASMUS

Nadat sy naam voor die lentereses telkemale afgekondig is, en daar geen wettige beswaar teen sy roeping tot die diens van ouderling ingebring is nie, sal **Danie Erasmus** vanoggend in die diens van ouderling bevestig word. Ons bid hom die ryke seën van die Here op sy dienswerk saam met sy mede-ouderlinge toe.

JAARBEPLANNING 2025:

Dit is die taak van die Beplanningskommissie om die jaarprogram vir 2025 voor te berei. ’n Verdere opdrag wat die Beplanningskommissie vanaf die kerkraad het, is om die kommissies vir die volgende jaar aan te wys. Van die kant van die Beplanningskommissie, die volgende versoeke:

- Alle funksionarisse word gevra om (al is dit voorlopig) aanduiding te gee van wanneer hulle beplan om DV in 2025 verlof te neem (vakansieverlof).
- Voorsitters van kommissies word gevra om die datums waarop hulle DV in 2025 wil vergader, deur te gee. Ons sal graag ook die volledige beplanning van die susters (vergaderings, byeenkomse ens.) vooraf op die jaarprogram wil plaas.
- Lidmate wat geroepe voel en die gawes het om in die kommissies van die kerkraad te dien, word gevra om hulleself aan te meld vir die dienswerk sodat hulle name oorweeg kan word vir die kommissies.

U is welkom om al hierdie inligting deur te stuur na **Malie** by die kerkkantoor 018 294 4600, wat dit sal aanteken vir die vergadering van die Beplanningskommissie op Donderdag 31 Oktober, wel om 19:00 en nie 18:30 soos op die jaarprogram aangedui nie.

HELP ONS STUDENTELIDMATE.

Theoné Roets, ’n lidmaat van ons gemeente en student aan die Potchefstroom Akademie studeer somatologie *(leer van die menslike lggaam)*. Om uiteindelik haar kwalifikasie te verwerf, moet sy op kampus praktiese werk doen en aan die hand daarvan geëvalueer word. Lidmate word uitgenooi en aangemoedig om haar hierin te ondersteun. Kontak haar gerus vir die kostes daaraan verbonde. Daar is ’n 20% pensioenarisafslag beskikbaar.

KARWAGTE: Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwagte in die houtbussies by die deure.

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
25 OKTOBER 2024

Ons kuier gesellig saam by die saal vanaf **16:30**
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
R 30 per hamburger. Pannekoek R 5 Worsbroodjies R 30

WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 1 en 2 nooi almal uit
om na die erediens 'n koppie tee of koffie
in die kerksaal te kom geniet

Beste Dominee, Kerkraad, Kerkkantoor en Susterverenigings

Ek vertrou dat dit goed gaan met almal in u gemeente.

In die aanloop tot die Kerstyd dink ons veral aan ons behoeftige kinders wat afhanklik is van die kruidenierspakkies wat gedurende vakansies huis toe gestuur word om vir hulle genoeg voedsel te verseker. Ongeveer 500 kinders ontvang daagliks etes by die vyf skole, wat in sommige gevalle hul enigste etes vir die dag sal wees. Gedurende vakansietye probeer die skole kruidenierspakkies huis toe stuur. TOIBO benodig skenkings van nie-bederfbare voedsel (lys beskikbaar) en kontantdonasies om suksesvol tot hierdie projek te kan bydra. Aangesien die kinders direk na die eksamens huiswaarts keer, word donasies hiervoor reeds voor 10 November 2024 benodig. Baie dankie vir u gemeente se ondersteuning. Dit word opreg waardeer.